

Die lewende God werk lewewekend – enduit! (2)

God gee sy genadewerk aan sy eie mense nie op nie! Selfs nie eers wanneer ons in ellende gedompel is nie. Hy stuit ook nie teen mense se weerstand en ontrou nie! Oor en oor weergalm dit: “God het ...” (Tel gerus hoeveel keer dié woorde voorkom in Handeling 7!) Met goddelike wysheid en almag (heerlikheid) stuur Hy die gebeure om sy verlossingsplan deur te voer! Hy beskik dit só –

- dat die farao se bose plan om babaseuntjies dood te maak, gefnuik word;
- dat ’n eenvoudige Joodse slaweseuntjie, Moses, in die wysheid en geleerdheid van die Egiptiese koningspaleis opgevoed en vir sy taak voorberei word.

As Moses ná die moord op die Egiptenaar die pad vat, loop God hom agterna tot in Midian en stel Homself bekend as die lewende God “van jou voorvaders, Abraham en Isak en Jakob”. God se heilsplan met sy mense gaan voort, ten spyte van die volk se teenstand, ondankbaarheid en ontrou! Reeds hier begin die sonstraaltjies deurskemer van dié “Leier en Redder” – Jesus Christus, wat ook teenstand en verwerping verduur het! Hy is die “Woord wat mens” geword het en die heerlikheid van God “vol genade en waarheid” kom wys en bewys het (Joh 1:14).

Sal die teenstand en verwerping wat ek en jy soms ter wille van ons geloof moet verduur, God se plan tot stilstand bring? Nee. “Die Heer se woord is skeppingsmagtig ...” Getuig jy maar net van Hom!

Sing: Psalm 33:5 (Totius-beryming)

Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)